PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVII VRYDAG, 10 MAART 1972 Nr. 2

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# PUKKE GEVRA OM TELEVISIE TE BEMAN

**DR. P. J. MEYER, voorsitter van die Beheerraad van die S.A.U.K. het op 1 Maart 'n programvergadering van Korps Veritas Vincet toegespreek. Die onderwerp was „Massamedia" en in besonder „Ons verantwoordelikheid as Christene t.o.v. televisie"**

In sy inleiding het dr. Meyer die grondbeginsels van kommunikasie verduidelik en omskryf. As kenner van massakommunikasiemedium hou hy hom nog steeds besig met verdere studie in verband hiermee. Hy het beklemtoon dat alle kommunikasie basies 'n verwerkingsproses is. Die luisteraar verwerk dit wat hy hoor. Geen kommunikasiemedium (koerant, televisie e.a.) moet dink dat hulle sonder meer sienings op mense kan afdruk soos op 'n blanko vel papier nie.

**Interessanthede.**

Hoewel dr. Meyer hom hieroor ook in sy rede uitgespreek het, het baie interessanthede in die vrae wat na afloop daarvan gestel is, na vore gekom.

Die televisiediens sal op dieselfde grondslag as die S.A.U.K. geplaas word nl. onder beheer van die staat, sodat dit nie net van advertensies afhanklik hoef te wees nie en advertensies nie alleen die gehalte of peil van die programme sal bepaal nie. Dit sal 'n Christelike diens wees.

Die klankdiens van die S.A.U.K. en beeldradio sal geïntegreer wees met mekaar sodat die klankdiens (radio, soos ons dit ken) op gesette tye per dag aangevul sal word deur televisiebeelde.

Programme sal vooraf gekeur word en alle programme sal 'n afgeronde geheel vorm.

**Christelike perspektief.**

Enige Christelike maatskappy behoort deur al sy leiers gebind te wees aan die voorskrifte van die Heilige Skrif, het dr. Meyer gesê. Ons moet dus ook in ons kommunikasie eervol teen mekaar optree. Hieraan is alle media onderhewig.

Alle mense is ewe veel verantwoordelik vir dit wat deur die media uitgedra word. Die Chris-

● Vervolg op bladsy 9.



Korps verkeer gesellig na dr. Piet Meyer se toespraak verlede Woensdagaand. *Fotokuns.*

# FUNKSIONERING VAN A.S.B. ONDER SOEKLIG

**DIE PRESIDENT van die Afrikaanse Studentebond, mnr. Leon Wessels, het onlangs verklaar dat 'n deurtastende ondersoek na die struktuur en funksionering van die A.S.B. ingestel gaan word.**

Mnr. Wessels het verklaar dat tydens 'n byeenkoms gehou op 18 Februarie waar studenteraadsvoorsitters van alle geaffilieerde sentra teenwoordig was, die dagbestuur van die A.S.B. besluit het om 'n deurtastende ondersoek na die wyse waarop die A.S.B. sy doelstellings 'implementeer, te loods. Metodes hoe om die A.S.B. meer vaartbelynd te maak, geniet aandag, veral met die oog op doeltreffender funksionering.

**Selfstandigheid.**

'n Oproep aan studenterade om mee te doen en selfstandige ondersoeke op plaaslike vlak te loods, het uiters bemoedigende reaksie ontlok, het mnr. Wessels gesê. Die studenterade van Pretoria en R.A.U. het reeds met hulle ondersoeke begin en ander studenterade het reeds mondelings hulle steun deur middel van soortgelyke ondersoeke beloof. 'n Gekonsolideerde verslag sal later op 'n spesiale byeenkoms van Afri-

● Vervolg op bladsy 9.

## Wat moet die A.S.B. bied?

**NA AANLEIDING van 'n besluit deur die Hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond om 'n landswye ondersoek te loods na die struktuur en funksionering van die A.S.B., het die Studenteraad hierdie week bekendgemaak dat ook hier plaaslik 'n deeglik ondersoek ingestel gaan word.**

**Masjinerie.**

Die Studenteraad het dit sterk beklemtoon dat hulle geensins die grondbeginsels en ideale van die A.S.B. as uitgedien beskou nie, maar dat dit gaan om die verbetering van die masjinerie om te kan tred hou met die eise van vandag. Die ondersoek word geloods om mee uitroeptekens agter die bestaan van die A.S.B. te plaas en nie vraagtekens nie.

„Veral op die P.U.-kampus, vanweë die stelsel van belangebehartiging, bestaan die probleem om die A.S.B. meer prominenter te laat funksioneer", het 'n woordvoerder van die Studenteraad gesê. Feitlik al die plaaslike aktiwiteite van die A.S.B. word via die hoofliggame aan die studente gebied. Die probleem het ontstaan dat die plaaslike A.S.B. komitee in werklikheid 'n deurgee-stasie geword het van inligting van Hoofbestuurskant.

**Kommissie:**

Die benoemde kommissie bestaande uit mnre. Frans Kruger, Ockie Raubenheimer, Fika van Rensburg, Japie Robbertse en mejj. Elizabeth Steyn en Gerda Muntingh sal poog om soveel moontlik studente op koshuisbasis aan te hoor. Daarbenewens sal die kommissie op 'n datum wat later bekend gemaak sal word, by die Studenteraadskantoor aanbevelings van studente aanhoor. Die ondersoek sal sentreer om die gedagte: Wat moet die A.S.B. my as Afrikanerstudent plaaslik en op nasionale vlak meer bied?

## Revolusie is tema

Die jaarlikse interfakultêre lesings by die P.U. vind op 8 Maart in die Totiussaal plaas.

Vanjaar se sentrale tema is „Die Revolusie".

Prof. S. P. van der Walt, hoof van die departement Etiek, Apologetiek aan die Universiteit en die Teologiese Skool sal praat oor „Die etiese revolusie".

„Revolusionêre regsverydeling" sal deur adv. T. Langley, L.V. vir Waterkloof, behandel word en dr. A. J. J. Wessels, vooraanstaande Suid-Afrikaanse nyweraar en sakeman, sal die woord voer oor „Die administratiewe revolusie".

Prof. Van der Walt se lesing is om 9.30 vm. adv. Langley se lesing om 9.30 vm. en dr. Wessels praat om 11.00 vm.

Belangstellendes is welkom om die lesings by te woon.

MASSAVERGADERING:

# STUDENTESENTRUM KOM BINNEKORT

„Van buite vertoon die Studentesentrum eenvoudig, maar van binne sal dit polsend van studente-aktiwiteite wees", het mnr. M. Brits, een van die argiteket van die Studentesentrum Donderdagaand 2 Maart tydens die massavergadering in die Totiussaal gesê.

**Inskakel.**

Hy het verder daarop gewys dat daar sover moontlik gepoog gaan word om die Studentesentrum by die struktuur van bestaande geboue op die kampus te laat inskakel. Die bome wat die kampus versier en 'n eie identiteit daaraan gee, gaan sover moontlik behou word. Al sy stellings het mnr. Brits met kleurskyfies toegelig.

Daar is nog geen datum vir die aanvang en voltooiing van die sentrum vasgestel nie, maar heelwat mense wat die vergadering bywoon, gaan moontlil nog die gebruik van die Studentesentrum hê, het mnr. Brits gesê. Daar sal met die bouwerk van die sentrum begin word sodat die terrein gereed is vir bouwerk.

Die hele doel van die sentrum is dat studente hulleself daar moet uitleef en daarom is daar voorsiening vir 'n wye verskeidenheid binneshuise ontspanning gemaak. Daar word gepoog dat die studentesentrum die hart van die studentelewe sal wees en die hart nie net by tye nie, maar so na as moontlik aan vier-en-twintig uur van die dag klop. Daarom word die Studentesentrum beplan om in die sentrum van die kampus te verrys, aldus mnr. Brits.

**Jaarverslag.**

Wat die jaarverslag betref, het die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Kobus van der Walt, gesê dat die biplolêre struktuur tussen aanbieding en genieting weer hierdie jaar in die studentelewe toegepas gaan word. Die studentelewe was tot dusver nie staties nie en daar moet gepoog word om dit op alle terreine dinamies te hou. Hierin speel veral die hoofliggame 'n belangrike rol en moet deelname aan aktiwiteite wat deur hulle gereël word, ondersteun word met die geesdrif waarmee dit altyd in die verlede gedoen is.

**Skakeling.**

Inter-universitêre skakeling gaan hierdie jaar weereens aansienlike aandag geniet, het mnr. Van der Walt gesê. Enige universiteit wat sy lewenskragtigheid wil behou, moet bereid wees om saam met ander universiteite te werk. Waar skakeling met ander universiteite tydens vorige termyne bevorder is, gaan dit in hierdie termyn verder uitgebou word. Mnr. van der Walt het die moontlikheid genoem dat skakeling in 'n suidelike rigting vanjaar aandag sal geniet.

Die massavergadering was goed bygewoon en daar was van die kant van die massa redelike geesdriftige deelname aan besprekings. Mnr. van der Walt het daarop gewys dat 'n massavergadering eintlik maar net 'n „koshuisvergadering in die breë" is en die moontlikheid in die vooruitsig getel dat daar na die vergadering op 'n gesellige wyse saam teegedrink kan word.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# ASTER

DEUR JESSICA

## VROUEPARASIETE

**IN HAAR artikel *Vroueparasiete* in die Februarie-uitgawe van *LOOG*, trek dr. Elaine Botha met grofgeskut los op haar eie geslag, soos onmiddellik uit die titel blyk. Alhoewel sy aanvanklik hier en daar 'n blik op die historiese posisie van die vrou werp, rig sy haar in hoofsaak op die "hele kultus van versorging" wat dan, volgens haar, deur die pers en reklamemedia op die vrou afgedwing word, sodat sy "te midde van die hoogs moontlike emansipasie weer verkneg (word) aan die papierbeeld van 'n geëmansipeerde vrou".**

In hierdie verband moet 'n mens haar gelyk gee as sy op die gevaar van 'n parasiteiese bestaan — „een waarin die gedagtes van die vrou hoofsaaklik om haarself en haar eie klein wêreldjie draai" wys, veral as die vrou so maklik terugly tot verdere onderhorigheid.

Soos elke tydperk nuwe eise aan die mens stel wat nuwe aanpassings verg, so moet die moderne vrou ook die eise van ons tyd gehoorsaam. En dit is dat die vrou nou die verantwoordelikheid het, noudat sy soveel meer vryheid het, om ook op ander terreine haar bydrae te lewer. In soverre stem ek met dr. Botha saam. Die vraag is egter hoe gaan dit gedoen word. Die vrou word met die moeilike situasie gekonfronteer dat sy vrou moet bly en terselfdertyd 'n groter rol in die lewe van haar volk moet vervul. Dit gaan dinkwerk kos, iets wat die vroulike geslag maar 'n bietjie mank aan gaan. Terselfdertyd is die antwoord nie so maklik te verkry nie, want dit beteken nie dat die vrou nou by die man gaan oorneem nie.

DIE MENING VAN ENKELE DAMES IS GEVRA

**Loesje Koelewyn.**

As 'n mens goed nadink kan 'n mens nie anders as om saam te stem dat die vrou haar individualiteit verloor het nie. Alles word slaafs nagevolg — die



vrou bly deel van die massa en anoniem.

**Ester Rumpff.**

Gedurige opknapping van haar algemene kennis d.m.v. lees en belangstelling is politiek en wêreldsake is baie nodig,



anders verval die vrou in 'n groef. Dat dit gebeur is bewys deur 'n Amerikaanse wetenskaplike wat 'n opname gemaak het van die gemiddelde vrou van om en by 35 jaar se algemene kennis. Sy resultate toon dat die gemiddelde vrou se kennis beperk is tot haar huis.

En dit is tog sekerlik nie wat 'n man van sy vrou verwag nie. Sy moet kan deelneem aan intellektuele gesprekke en op hoogte wees van aktuele sake en dus nie agterweë bly nie, maar ook nie so ver aan om haar huishouding te verwaarloos nie.

**Magda Bothma.**

'n Honderd jaar gelede was die vrou se plek miskien ondergeskik aan die man en verkieslik in die kombuis, maar toe reeds het die vrou op die voorgrond begin tree. Sy moes haar plek in die lewe kom volstaan, nie net alleen om die behoud van haarself nie, maar ook om behoud van ander met wie sy in aanraking was of sou kom.

Omdat die hedendaagse lewe



meer van die vrou verg as vroeër, vereis dit ook van haar as moeder en vrou om haar plek in die gesinslewe, sowel as in die huwelikslewe te kan volstaan.

Die feit dat die vrou haarself meer op die agtergrond skuif in gespreksituasies is meestal die geval dat sy haarself nie te veel as die middelpunt wil stel nie.



**So lyk die Puk se nuwe sweetpak wat teen 'n redelike prys verkrygbaar is (*Foto: Fotokuns*).**

# JY, MEISIE

**Ek het meer as eenmaal hierdie intelligente vragie op die kampus gehoor: "Waarom 'n deeltjie eksklusief vir dames in die Wapad?"**

Om 'n baie logiese, vroulike redenasie te gebruik — in getalle oorheers die dames tans op die Puk. Omdat die demokrasie hier egter 'n verouderde stelsel is, is daar egter net mans in die regering, oftewel Studentraad. Gelukkig het ons dames "geëmansipeer" van "pantoffelregerings" na geslepe politici; om ons stemme te laat hoor, maak ons gebruik van 'n gewilde massamedium.

Ons oorweeg dit geensins om 'n tak van die "Women's Liberation" in Potchefstroom te stig nie — selfs die pantoffels bêre ons vir latere gebruik.

Die doel van "*Aster*" is suiwer sosiaal; die bekendstelling van gesigte, kleredrag, standpunte en klagtes (sug) van die meerderheidsparty aan die belangrikste persone op die Puk — oftewel die manne.

Omdat "*Aster*" beslis nie onder die skêr van die Publikasieraad gaan deurloop nie, behoort dit heel opbouende leesstof vir genoemde manne te wees. Hierdie belangrike klousule beklemtoon ons sterk — "*Aster*" word vir dames sowel as mans aanbeveel. Ons distansieer ons ten sterkste van "Women's Liberation", ons wil ook geen apartheid op die kampus bewerkstellig nie; apartheid sal 'n ekonomiese krisis te weeg bring — dan is die sleepbankies verniet verlede jaar herverf.

Omdat die hoofdoel van die redaksie dus die blootstelling, of moet ek liewer sê bekendstelling, van die dames se standpunte, ensovoorts is, gaan daar soveel moontlik van die plasing van foto's en meningsopnames gebruik gemaak word. Omdat dames bekend is vir hulle onbeteulbare nuuskierigheid, wat in die vervolg as wetenskaplike weetgierigheid bekend sal staan, gaan ons daarvan hou om 'n klip in die bos te gooi en kyk wat spring uit.

Ongelukkig sal 'n student nie meer aan sy/haar sleep geken word nie, wel aan sy/haar standpunt; ons stryddae en verkiesings sal beslis 'n ander kleur kry.

Ons wil weekliks 'n "ken-mekaar-op-die-kampus" in woord en beeld skep, aangesien daar wel 'n klasseskeiding tussen seniors en eerstejaars bestaan en dit is om snobistiese redes onprakties is om aristikratiese en gepeupel saam op die kampus te laat "blik-in-die-as". Buitendien sleep beide groepe en het hulle dus geen tyd om sosiale verpligtinge na te kom nie. Ons betreur die feit dat ons tot op die stadium geen televisie het nie.

Daarom sal hierdie damesredaksie enige kritiek van dameskant verwelkom; omdat hulle 'n permanente deel van die Pukbevolking is, sal ons kritiek van die kant van die mans ook verwelkom en interessant vind. Indien iemand haar/hom genoodsaak voel om haar/sy mening te lug, sal ons dit ter eniger tyd in die vorm van 'n artikel of 'n brief plaas — dit is as dit aktueel betrekking op die onderwerp (dames) het.

In hierdie lig beskou, het „*Aster*" dus alle bestaansreg wat aan albei partye op die Puk interessante leesstof kan verskaf, mits hulle bereid is om uit hulle doppe te kruip en hulle sê te sê.

Wel . . . by voorbaat dankie.

ASTER.

## KUESTA '72


Kuesta '72 vind vanjaar vanaf 3 tot 8 April op die Matiekampus plaas. 'n Trein vertrek Saterdag 1 April vanaf Pretoria en laai studente oral langs die pad op. Die koste verbonde aan die kursus is R17,50 terwyl die treinkaartjie R15,00 beloop. Daar word veral 'n beroep gedoen op sangers en voordragkunstenaars om die kursus by te woon. Die wenners van die sêrkompetisie gaan moontlik na Maties as verteenwoordigers van die Puk.

Daar is groot pryse aan Kuesta '72 verbonde: Mej. Kuesta wen byvoorbeeld 'n binnelandse toer, 'n klavier asook R25,00.

Daar sal kursusse aangebied word in blommerangskikking, Gemmologie, Houdingsleer, Keramiek, Kanovaart, Rugby, asook Boekuitgewery, Kuns- en Musiekwaardering en Bergklim.

Besoeke aan die Nico Malan-teater word beoog asook ander uitstappies.


CACHET MODES



DIE DAMESWINKEL

*bied u*

SOMERMODES





wintermodes

ONDERKLERE

broekkouse



TOMSTF AT 92

JOUBERT MEUBELS

★

*Kom besoek ons vir*

MEUBELS VAN GEHALTE EN

GRAMMOFOONPLATE

Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420

HUIS en TUIN

Vir al u Studentebehoeftes.

★

Tel. 4641

★

U KEN ONS

# KURSUS VIR LEIERS

**OP Woensdag 23 Februarie het die eerste leierskursus van die Studenteraad plaasgevind. Daar word beoog om dit 'n jaarlikse instelling te maak.**

### EENHEIDSGEES.

Die doel van hierdie kursus is om die eenheidsgees op die kampus te behou ten spyte van die uitbreidings wat die Puk tans beleef. Om daardie rede is dit bygewoon deur S.R.-lede en onderskeie huiskomitees. By die beplanning van die kursus is van die veronderstelling uitgegaan dat, hoewel leierskap tot 'n groot mate inherent is, daadwerklike leiding in 'n meer gekompliseerde studente-opset hoë eise stel en dat sodanige kursus alleen bevrugtend kan inwerk.

Referate is gelewer deur prof. Tjaart van der Walt, prof. S. C. W. Duvenage, prof. G. van der Vyver en mej. M. Brink namens prof. Wimpie de Kkerk. Al vier hierdie persone was in hulle studentedae reeds leiers in die studentelewe en is dus mense wat die problematiek van die georganiseerde studentelewe ken.

### KONTAK

Prof. Tjaart van der Walt het sy gedagtes oor leierskap saamgevat in 'n "kom"-mentaliteit eerder as 'n "gaan"-metaliteit, maar dan moet die leier ook nie te ver voor sy volgelinge wees nie. Hy moet kontak behou, tyd inruim om te beplan, voorbereid wees, bevrugtend inwerk en ook opvolgingswerk doen. Die voorbeeld wat die leier stel is ook van groot belang.

### HUMANISTIES.

Prof. Schalk Duvenage het in sy praatjie oor "Gesagsverhoudings" veral klem gelê op die posisie aan universiteite in die V.S.A. Volgens hom was daar wel rede tot ontevredenheid onder studente, maar dit regverdig nog nie die opstande nie, omdat die die humanisme as uitgangspunt gehad het en van revolusionêre metodes gebruik gemaak het.

Prof. Gert van der Vyver het gepraat oor "Vergadering-prosedure" en veral die onduidelikheid wat dikwels oor die "Punt van Orde" bestaan verduidelik.



### ROLAANVAARDING.

Prof. Wimpie de Klerk het die kwessie van "Menseverhoudinge' uiteen gesit as vertrouensverhoudings, kenverhoudings en gesagsverhoudings. Rolaanvaarding is van primêre belang.

'n Aangename informele gees het die besprekinge gekenmerk en prof. Duvenage is staande toegesing toe hy halfpad deur sy referaat berig ontvang het dat hy 'n kleindogter ryker geword het.

**Toehoorders luister aandagtig na prof. Tjaart van der Walt se lesing tydens die leierskursus wa onlangs op die Puk aangebied is.** *(Fotokuns).*



**n Gesellige oomblik gedurende Expo Montium se treffende uitstalling in die Totiussaal.** *(Fotokuns).*

# Rekordgetal skryf Kleure-eksamen

Die Puk het die afgelope tyd weereens die spanning en misterie van al die bekende Kleurbaadjie-handboekeksamen deurleef. Daar word in spanning gewag op die uitslae.

Hierdie jaar was daar 'n rekordgetal kandidate. Die getal eerstejaars het vanaf 1970 van 525 tot 968 kandidate gestyg en daar is vanjaar 240 senior-vraestelle om na te sien teenoor 1970 se 75. Dit is 'n styging van 40 persent. Mnr. Jorrie Jordaan het die styging toegeskryf aan entoesiasme oor die nuwe kleurbaadjie en ook aan die stelsel van 'n aparte kleureksamen vir seniors.

Daar word verwag dat baie minder seniors die eksamen sal druip as wat vorige jare die geval was. Eerstejaars het die vraestel oor die ou handboek makliker gevind as die van die kleurbaadjiehandboek.

Kulu het die jaar 'n rekord opgestel deurdat eweveel seniors as eerstejaars die eksamen geskryf het. Daar was 17 kandidate van elk van die groepe.



**Die bittereinders swoeg en sweet tydens kleure-eksamen.** *(Fotokuns.)*

## ONS STEL BEKEND

# DR. ELAINE BOTHA



Dr. Elaine Botha, lektrise in die departement Kultuurkunde aan die P.U. vir C.H.O., het pas na die Republiek teruggekeer na 'n verblyf van vier jaar in Amsterdam, Holland, waar sy haar tweede doktorsgraad onlangs verwerf het.

Dr. Botha het vanaf 1956 tot 1960 aan die P.U. studeer waar sy die grade B.A., B.A. (Honns.) en die M.A. met onderskeiding verwerf het.

In 1961 aanvaar sy diens as organiseerder van die vroue- en jeugwerksaamhede van die A.T.K.V. in Johannesburg waar sy ook onder meer die redaksionele versorging van die vrouerubriek in Die Taalgenoot en Die Spoorwegtydskrif behartig. Enkele artikels van Dr. Botha het ook in Die Kerkbode en Die Vroueblad verskyn.

Dr. Botha hervat in 1965 haar studies aan die P.U. met behulp van 'n doktersgraadbeurs van die P.U. en 'n merietebeurs van die A.T.K.V. Van Februarie tot Augustus 1967 was sy weer in diens van die A.T.K.V.

Terwyl sy oorsee was, ken die P.U. vir C.H.O. in 1970 die graad D.Phil aan haar toe op grond van haar proefskrif "Partikulêre Volksorg in die Afrikaanse Volkskutuur met verwysing na die A.T,K.V. 1930 tot 1964".

Haar studies in Nederland is moontlik gemaak deur die toekenning van 'n Ryksbeurs van die Nederlandse regering ingevolge die Nederlandse Suid-Afrika Kuktuurverdrag en 'n personeelbeurs van die P.U.

Dr. Botha was tydens haar verblyf in Amsterdam ook studenteassistent in Amsterdam se Central Interfaculteit van die Vrije Universiteit en later ook wetenskaplike medewerkster in sosiale etiek onder prof. A. Troost.

Dr. Botha promoveer in Nederland onder prof. dr. H. van Riessen met 'n proefskrif getiteld "Sosio-kulturele metavrae; 'n ensiklopedies, wysgerige ondersoek na enkele grondbegrippe in die cologie en ander sosiokulturele wetenskappe."

Tydens haar studieverblyf daar het sy ook in opdrag van die P.U. verskeie institute vir Volkskunde, Heemkunde en Folklore in Skotland, Engeland, Nederland en België besoek. Haar verslag aan die Universiteit was 'n waardevolle handleiding vir die uitbou van die Instituut vir Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde hier.

## PROFESSOR NA GHANA

Prof. J. H. (Hennie) Coetzee, Direkteur van die Instituut Afrikanistiek aan die P.U. vir C.H.O. is deur middel van toekennings van die Universiteit, asook die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing in staat gestel om die Internasionale Konferensie oor Bevolking en Ontwikkeling, wat in Akkra, Ghana gehou is, by te woon.

Hy was die enigste Suid-Afrikaner by die konferensie.

VET NOMMERPLATE ONWETTIG?
NIE AS ONS DIT VERSKAF NIE.
F. ZEILER
TEL. 3753 • POTGIETERSTR. 75

die WAPAD

# BUURSKAP

DIT IS 'n algemeen aanvaarde feit, histories gefundeerd, dat isolasie noodwendig lei tot stagnasie. Daarom is dit verblydend dat daar op inter-universitêre vlak wel skakeling plaasvind.

Die skakeling met ons Afrikaanse buur-universiteite het, ten spyte van klein onderlinge verskille, nog altyd op 'n hoë vlak plaasgevind. Maar is dit 'n noodwendigheid dat 'n mens net altyd jou naaste bure opsoek? Daar is soms 'n groter behoefte aan skakeling, veral in die vorm van amptelike samesprekings, met universiteite wat prinsipieel en fundamenteel radikaal van ons verskil om sodoende die geleentheid te kry om ons gedagterigting aan hulle oor te dra.

Die idee van dialoog oor gemeenskaplike sake en probleme het die afgelope tyd op politieke vlak sterk na vore gekom. As dieselfde beginsels op universitêre vlak toegepas kan word, lyk dit glad nie onmoontlik dat daar ook mettertyd veelvolkige skakeling met nie-blanke studente op amptelike vlak kan plaasvind oor gemeenskaplike sake nie. Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die klem op amptelike samesprekings val en dat daar nie sprake van sosiale vermenging is nie.

Ons verhouding met ons bure „oorkant die straat" het die laaste tyd aansienlik vertroebel. Dat Pukke en Pote beide lojaal is teenoor hulle kampusse is verblydend, maar dit dien geen doel as lojaliteit in die vorm van onwaardigheid gestalte vind nie.

Om verdere probleme uit te skakel het die Studenterade ooreenkoms tot 'n ooreenkoms gekom. Pukke mag wel georganiseerde Pote-aksies bywoon, maar dan slegs as waarnemers en op voorwaarde dat hulle hulle aan die dissipline wat op die Pote-kampus geld, onderwerp. Dieselfde geld vir Pote-studente wat Puk-aksies bywoon. Daar is verder ooreengekom dat Puk-mans slegs Potegeselligede mag bywoon as hulle as metgesel van Pote-dames optree en die omgekeerde geld ook vir Pote-mans.

Ons hoop van harte dat die verhoudinge nou gaan verbeter. As ons nie goed oor die weg kan kom met ons naaste bure nie, hoe sal ons dan met ons ander bure kan skakel?

# Groet ons nog?

Die P.U. se studentegetal het die afgelope tien jaar bykans verdubbel. 'n Noodwendige gevolg hiervan is dat daar desentralisasie op meeste gebiede plaasgevind het. Dit het weer daartoe gelei dat 'n persoon net die studente leer ken met wie hy direk in aanraking kom.

Die grootte van die universiteit kan egter nie as 'n verskoning gebruik word dat ons ons mede-studente nie hoef te groet nie. Dit lyk of hierdie mooi gebruik op ons kampus tans al hoe meer in onbruik verval. Om 'n mede-student, selfs al is dit 'n onbekende, te groet, sal niemand skade aandoen nie.

Tydens die afgelope massavergadering het mnr. Koos Kruger die hele situasie goed opgesom. Hy het gesê dat om te groet nie geld kos nie en dat dit ook nie seermaak nie.

U kan gerus u bande versool by . . .

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste prysr)

# INTERFAKULTERE WYSBEGEERTE WAARHEEN?

Deur Jan-At Kruger (M.A. Wysbegeerte).

**studentemening**

Vraagtekens by die verpligte kursus in Interfakultêre Wysbegeerte vermenigvuldig by sowel studente as dosente aan die P.U. vir C.H.O. Daar is studente (en 'n glimlag na die kant van farmaseute is nie onvanpas nie) wat kortweg en kortaf pleit vir die afskaf van die kursus. Meestel ontmoet 'n mens een bol emosie as daar hieroor gepraat word. Emosie oor die saak maak die debat egter onvrugbaar. Sonder emosie van my kant dan die vraag: is daar nie **tereg** 'n mate van protes onder baie studente nie? Waarheen dan met die kursus?

Kritiek teen die huidige inhoud van die kursus soos dit sy neerslag gevind het in die doseer van die handboek **Roeping en werklikheid** is nog geen argument vir die wegdoen van die kursus nie. Daarom het die debat oor I. W. twee fokuspunte: 1) Gaan die argumente en motiverings vir die instelling van die kursus wel op, of nie? 2) Beantwoord die huidige vormgewing van die kursus aan sy doel en die verwagtings wat studente daarvan koester?

**Die motivering.**

Van die begin af (d.i. van die dae van **geloofsleer, studium universale** en **Etiek en Logika** — vorige name vir die kursus) is so 'n kursus, verpligtend vir alle studente aan die P.U. vir C.H.O., aangebied as hierdie Universiteit se antwoord op die krisis waarin die moderne universiteit gekom het mede a.g.v. spesialisasie. Dit is aangedien as die Puk se besondere uitvoering van die taak van die Universiteit, ook teenoor die gemeenskap wat omvattend-toegeruste mense vereis wat die Westerse wêreld moet lei te midde van al die probleme waarmee ons vandag te kampe het. Oorspesialisasie, ook van studente, met gevolglik 'n gebrek aan breër insig in verloop van die Westerse beskawingsgeskiedenis en van die problematiek van ons tyd, maak maklik van die universiteit in sy hoër onderwys 'n gedrog en van studente een-ogige vakidiote wat miskien die vakke van sy keuse beheers, maar as mens 'n nul op 'n kaart is. Met die en ander argumente is die besluit om so 'n „ekstra" kursus in te stel om die studente op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse te laat kennismaak met ons tyd en sy eise, en om hulle 'n gefundeerde lewensvisie en 'n uitsig op die moderne wêreld mee te gee. Hierbenewens moes die kursus ook vir die vakfilosofiese grondslae van die wetenskappe voorsiening maak, ongelukkig met die gevolg dat baie vakdosente hulle ontslae geag het van die C.H.O.-verpligting by die beoefening van hul onderskeie wetenskappe en hul probleme rondom 'n christelike wetenskap toe hoofsaaklik binne die grense van die addisionele kursus tereg gekom. Nietemin meen ek dat die doel van die kursus 'n lofwaardige saak is.

**Studentebehoeftes.**

Van die kant van die student bekyk: daar is ongetwyfeld 'n behoefte onder baie jongmense om ook binne die raam van universitêre kursusbeplanning geleentheid te hê om wetenskaplik krities te besin oor aktuele probleme van ons tyd en om 'n voëlvlugvisie oor die gang van die westerse wêreld te bekom. Daar is tog 'n begeerte om die sluk-of-druipgees van die skool te deurbreek met 'n selfstandiger en kritieser benadering van ons moderne wêreld en sy uitdagings. Daarvan is die menigte studente-organisasies en -gesprekke 'n aanduiding. Studente sou hulle kon gee vir 'n kursus waar brandende kwessies van ons tydsgewrig aan die orde kom en waarin die student homself en sy vrae kan vind.

**UITNODIGING**

Die redaksie verwelkom die sienswyse van studente in die vorm van briewe.

(Red.).

**Exodus.**

Die kursus in interfakultêre wysbegeerte is daarop ingestel (of, dit behoort so te wees!) om die studente **vanuit hul eie leefwêreld** te lei in 'n selfstandige, kritiese en indringende **interpretasie** van die wêreld om ons en die eise wat die hedendaagse lewe aan ons stel. Opvoeding is 'n soort exodus, uittog, uit 'n posisie van blote meeleef met ons tyd tot 'n insig in ons tyd.

**Probleme met die kursus.**

Beantwoord die huidige vergestalting van die kursus aan sy doel en die verwagtings wat stu dente daarvan koester? 'n Pertinente ja of nee is nie moontlik nie. Wat studente aan die kursus het, hang van baie faktore af en verskil van persoon tot persoon en van vakgroep tot vakgroep. Daar is baie studente wat dankbaar praat oor die kursus. Oor die algemeen is my antwoord tog negatief.

● Die groot aantal studente in I.W.-klasse stomp die exodus-motief in die onderwys af tot 'n blote mededeling en verduideliking van die wysgerige insigte van die dosente. Die studente word met iets **gekonfronteer** waarby weinig moontlikheid bestaan vir 'n individuele verwerking van die „leerstof".

● Die inset van die kursus soos dit blyk uit die volgorde van die temas in die handboek mag miskien logies korrek wees. 'n Mens moet seker eers weet wat is 'n „lewens- en wêreldbeskouing" voordat verskeie lewens- en wêreldbeskouings en die verband daarvan met die universiteit aan die orde kom. Maar is dit **didakties** goed om met so 'n **abstraksie** weg te val? Meestal word ook volstaan met **dat** 'n lewens- en wêreldbeskouing die daaglikse

● **Vervolg op bladsy 5.**

# Uit die Woord

CARPE DIEM — Prediker 5:17.

DIE LATYNSE spreekwoord Carpe Diem beteken „Pluk die dag." Gister is verby — môre lewe jy dalk nie meer nie. Die klem val op vandag. Vandag is die dag wat jy 'n roeping het om te vervul. God skenk jou die dag, ontvang dit dan uit Sy hand en lewe in volle verantwoordelikheid tot Sy eer. Geniet du goeie by al jou geswoeg. Nie die veel of die weinig lewensdae kry die hoofklem nie, maar die vraag is of mens nie dalk die dae deur jou vingers laat glip nie, maar of jy elke dag aanpak en ten volle geniet? Hoe kort is die lewe tog nie? Die klem val dus op jou lewensinstelling. Die dood plaas 'n punt agter ons lewensdae. Ons lewe — wat lewer dit op en wat is die sin daarvan? As jy jou inspan en iets probeer bereik, blyk dit ook ydelheid te wees, volgens die Prediker. Al die geswoeg is 'n gejaag na wind. Na die sombere siening oor die tevergeefsheid en ydelheid van alle dinge, stel die Prediker tog iets anders. „Kyk wat ek as 'n goeie ding gesien het, wat voortreflik is, is dat iemand eet en drink en die goeie geniet vir al sy arbeid waarmee hy hom vermoei onder die son gedurende die getal van sy lewensdae wat God hom gee, want dit is sy deel." Al die goeie, ook die eet en die drink, mag en moet ons geniet. Veral ons wat so maklik by die gewone dinge verbylewe en dit in die fantastiese soek. Ons word teruggeroep na die werklike hede. Geniet van die eet en die drink by al jou geswoeg, want dit is jou deel. God skenk dit aan jou. Kom dan, laat ons as studente ons eksamen, pret en plesier, maar ook ons akademiese werksaamhede in hierdie gesindheid aanpak. Geniet elke dag in volle verantwoordelikheid teenoor God, onse Vader.

J.K.

**Redaksie**

HOOFREDAKTEUR:
Gerrit Pienaar (6370).
NUUSREDAKTEUR:
Johan du Pisani (2129).
SUBREDAKTRISE:
Amanda Attwell (3211).
SEKRETARIS-PENNINGMEESTER:
Dave van der Walt (2067).
SIRKULASIEBESTUURDER:
Kobus van der Walt (2030).
ALGEMENE NUUS:
Quintus Pelser (2171).
SOSIAAL:
Nicolette van der Walt.
DAMESBLAD:
Jessica Knoetze (3214).
KOSHUISAANGELEENTHEDE.
Riaan Odendaal (2024).
AKADEMIES:
Willemien Jehrling (2037).
KUNS:
Jessica Knoetze (3214).
SPORT:
Gert van Jaarsveld (2030).
FOTO'S:
Danie van Graan (4722).
Geneem deur Fotokuns.




OM TE praat van **burokrasie** is om menige persoon se bloed te laat kook. Ongelukkig is dit nou so dat dit akuut noodsaaklik geword het om te spreek oor, en met, die burokrasie.

Noem dit 'n ope gesprek.
Noem dit net wat u wil.
Dit gaan hier om die Pukburokrasie.

En die verkeersprobleem op die kampus.

En die tiperende burokratiese onvermoë of lusteloosheid om die probleem in die gesig te staar.

Arme, patetiese burokrasie. Is twee ongelukke op een dag op ons geliefde campussie nie genoeg om jou wakker te skud nie, of wag jy vir die drama van 'n begrafnis of 'n massabegrafnis voor jy jou trae masjien in rat sit?

Ontwaak uit jou utopie.

Dit sal nie help om skielik met maniese entoesiasme te begin om die enkele begaanbare paaie op die campus te beplant met onplanmatige, potsierlike en gevaarlike paaltjies nie. Dit sal nie help om pragtige parkeerskyfies beskikbaar te stel as daar hoegenaamd geen kontrole oor is nie. Dit sal nie help om vir 'n maand lank R100-boetekaartjies uit te skryf wat niemand betaal nie. Dit sal nie help om pragtige geelstrepe te verf en geen parkeringstekens te plant as daar niemand is om dit waarvoor dit aangebring is, af te dwing nie. Dit sal nie help om „parkering: besoekers en personeel"-bordjies te plant as enige iemand, met of sonder parkeerskyfie, daar parkeer nie. Dit sal, helaas, nie help om dwarswalle oor die enkele begaanbare paaie te gooi nie.

**AL** wat sal help, liewe sluimerende burokrasie, is om duidelike **erkende** parkeertekens aan te bring, wat **duidelik** aandui watter verkeer waar mag beweeg teen watter snelheid (in kilometer); om konstante, objektiewe en regverdige **kontrole uit te oefen** te **alle** tye teenoor **almal.** Dit kan alleen gedoen word deur 'n identifiseerbare en erkende gesagsfiguur.

Onbetwisbaar: alle reëls lyk pragtig op die wetboek, maar ewe eens onbetwisbaar: die praktiese implementering en veral afdwinging (wat besonder belangrik is om die snel-kwynende agting van die snel-groeiende massa vir die burokrasie te behou is 'n voël van 'n heel ander kleur.

Omdat prof. dr. X agter die stuur van sy 280 pote nsieel net so 'n gevaar is as student Y in sy Volkskie G.T. behoort daar ook op daardie terrein geen onderskeid te wees nie.

Ek smeek jou, burokrasie: ONTWAAK.

Met agting,

REFLEKTOR.

## studentemening

● Vervolg van bladsy 4

lewe bepaal. Maar waar en presies hoe kom in die kursus slegs as 'n nagedagte aan die orde. Didakties beter is dit as die kursus sy vertrekpunt neem in die studente se leefwêreld en ons kultuursituasie en vandaar gevorder word tot by die lewensbeskoulike „agtergronde" daarvan. Hoofstuk 13 van die handboek is m.i. as begin van die kursus meer geskik as die huidige hoofstuk 1.

● Die kursus verraai iets van die tradisionele preekskema: eers **teoretiese uiteensetting** en daarna 'n **toepassing.** Die aanpak bring mee dat konkrete probleme van ons tyd nooit werklik in die iddelpunt staanf nie. Bowendien moet studente ook wat hulle **denkstyl** betref geleer word hoe om van die konkrete gebeure van ons tyd te kom by die lewensbeskoulike wortels daarvan. Dus die teenoorgestelde weg as wat die handboek volg!

● Studente wil graag geleer word hoe om **krities** te interpreteer wat hulle ookal lees. 'n Handboek wat klontjie-klaar beskouings uiteensit, laat geen ruimte om werklik te kan inspeel op studente se leesvermoë nie.

Dit is enkele vraagtekens by die huidige kursus. Waarheen dan met I.W.? Op hierdie punt het studente meer as net 'n reg om te help soek na 'n geskikte antwoord. Dit is hulle plig omdat I.W. bedoel is om studente 'n geleentheid te bied vir 'n studie van hul eie probleme — die van ons moderne kultuur.

'n Debat hieroor in *Die Wapad* kolomme kan die huidige vraagtekens laat verander in uitroeptekens!

# SOKKIE-TJO ...??




# FEESKARNAVAL 'N HOOGTEPUNT

**KARNAVAL '72 beloof om vanjaar absoluut 'n unieke Karnaval te wees. Daar moet dan ook in gedagte gehou word dat ons vanjaar eintlik gaan fees vier, want dit sal die vyfde Karnaval wees wat op die Pukkampus aangebied word. Wat die beplanning en organisasie van die Karnaval betref, verloop alles tot dusver vlot en alles dui daarop dat vanjaar se Karnaval die grootste ooit gaan wees. Soos in die verlede gaan daar weer 'n paar voorafgaande aksies aangebied word, net om die studente in die regte stemming te bring.**

**„Paint In".**

Die program sien voorlopig soos volg daar uit: As 'n deurlopende voorafgaande aksie, bied General Motors van Suid-Afrika 'n kompetisie aan waaraan agt universiteite sal deelneem. Hulle noem dit 'n „Paint-in". Dit kom daarop neer dat vier nuwe vierdeur Chev Firenzas op ons kampus sal wees wat geverf moet word in verskillende kontrasterende kleure.

Die universiteit wat as wenner aangewys sal word, kry 'n groot prys van G.M. Hierdie verwery sal duur tot die einde van ons Karnaval.

Op Donderdag 27 April bied ons 'n film premiere „Le Mans" van Steve Maqueen in die 20th Century aan wat 'n middernagvertoning sal wees. Die volgende aand (Vrydagaand 28 April) word die program van Gerhard Viviers oor Ateljee '72, „Sportraaisels en Rande" hier opgeneem. Op Saterdag 29 April word gepoog om 'n plesiervlug te reël op die S.A.L. se Boeing 747. Vanaf Potchefstroom word daar per luukse Atlas-toerbus na die Jan Smutslughawe gereis, die makro-straler word bestyg en na 'n aangename vlug word daar weer na Potch teruggekeer. Die totale koste, bus- en vliegkaartjie ingesluit, beloop R24. Dit word aangebied in samewerking met die plaaslike A.S.B.-komitee vir binne- en buitelandse toere.

**Radio Hoëveld.**

Radio Hoëveld se mobiele ateljee sal op twee dae direkte uitsendings vanaf die kampus waarneem.

Wat die Karnaval self betref:

Dinsdag 2 Mei 1972: Die Karnaval begin om 7.30 nm. met Radio Hoëveld se uitsendings wat tot 9.30 duur. Om 9.30 nm. sal die Karnaval amptelik geopen word deur Fanus Rautenbach, die President van Flinkveria. Die seremonie word afgesluit met 'n vuurwerkvertoning.

Woensdag 3 Mei 1972: Hierdie jaar is stalletjiesdag nie weer op Vrydag nie maar wel op Woensdag. 'n Karnaval Prestige-tydren sal plaasvind, buiksprekers sal optree, 'n valskermvryvalvertoning sa plaasvind, asook 'n orkeskompetisie op kokshuisbasic. Springbok Radio sal sy bekende program „Radio Juke Box" vanaf die kampus uitsaai terwyl die aand afgesluit sal word met nog 'n aanbieding van Hoëveldversoeke.

Donderdag 4 Mei 1972: Vanjaar vind net een Karnavalkonsert plaas.

Bekende groepe is uitgenooi en die sangeres Cornelia en Ben E. Madison, Big Len Brauer en Des en Dawn Lindberg asook Nick Taylor het hulle reeds bereidwillig verklaar om op te tree.

Vrydag 5 Mei 1972: Vlotbou.

Saterdag 6 Mei 1972: Die tradi ionele vlotoptog met tema „Advertensies" sal langs 'n mooi roete deur die dorp beweeg en die vyfde Karnaval word die aand afgesluit met 'n formele dinee gekombineer met 'n kabararetvertoning.

Vergun ons die geleentheid om aan die debutante ons hatrlike dank oor te dra vir al hulle moeite en hulp met die geldinsameling.

Hiermee roep ons u op en nooi u uit — kom geniet die Vyfde Feeskarnaval — leef mee, doen u allerbeste en ons verseker u dit sal 'n sukses wees en u sal dit geniet.

Mag Karnaval '72 as die Karnaval onthou word.

GAAN MAL, DIS KARNAVAL!

**U het volop keuse in ons grootverskeidenheid**

● HANDBOEKE

● SKRYFBEHOEFTES

● EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

***PRO REGE-PERS BEPERK***

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**

**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

**SKAKEL 7074**

**KOLLEGE DIENSSENTRUM**

**H/v. Von Wielligh- en Presidentstraat. Tel. 5800**

★

**VIR CITROEN EN RENAULT**

★

Groot vooraad uitgesoekte, gebruikte motors. Volledige verkope, onderdele en herstelwerk vir alle motors.

★

**ONS SPESIALISEER IN CITROEN EN RENAULT**

# OOR DIE ONDERDEUR

Hallo Julle,

Groet, groet, groet mekaar. As almal Koos Kaffer ondersteun, sal dit nog lekkerder gaan hier op die plaas. Regtig Pukke, ons moenie ons identiteit gaan verloor deur 'n niemand te wees nie; hoe meer julle groet, hoe voller gaan my hoekie word — te lekker!

O, nog iets! As ek julle te na kom, moenie sleg voel nie, ek loer maar net oor die Onderdeur.

Almal wonder hoekom Adri van Staden deesdae so baie biblioteek toe gaan — Elsie help hom seker naslaan. Hennie Steyn, wie gaan dit wees? Ilisma Rupping of A . . . .

Judy Venter wil nou blykbaar Regte begin swot, Paul en Nick kom haar so al om die beurt beinvloed.

Kobus Meiring kan die aandetes van die koshuis net nie meer in die oë kyk nie; dis seker die dat hy saans by sy verloofde Magriet gaan eet. (Of is dit om te sien of sy kan kos maak.)

Yvonne Kitshoff, gesels hy en Jan Silvis ekonomie of . . . Het Nico Lighthelm se Volksie sonder brandstof gaan staan die aande na die S.R. en H.K. braai-bvleis?

Johan het 'n padkaart geleen wat gelei het tot die ontdekking van 'n blink klippie wat so wraggies gemaak is vir Graatjie se vinger.

Die voordeel van 'n lang verlowing is 'n korter huwelik — so sê Gesie Muller en Johan.

Lenza Prinsloo, wie kuier deesdae die meeste? Quintus of Fanie? Die liefde is nog vurig tussen Fika van Rensburg en Sunette Nel en Fika se R25,00 is nie te veel vir 'n . . .

Hermien Erasmus, jou S.R.-koning bly steeds 'n Leo.

Ek wens my Pieter was nader, maar Pretoria bly steeds ver, huil Annette Coetzee.

Paula Slabbert, wat is jou Duitser met die geel sokkies se naam?

Marie Prinsloo kan al 'n eie kwekery begin met die pragtige plante wat Chris de Jager gedurig stuur.

„Sights" van der Schyff het deesdae nie veel trek vir Floma nie, sy kamp nou elke naweek op Hartswater.

Sonia Arnold, pasop Lukas beland nou-nou dalk in die verkeerde voor — hou hom styf vas!

Wanda Wessels is so bly dat dit een van die dae weer Administrasie-bond-toer is, Gert van Jaarsveld sê dan gaan hulle lekker Uitspan en dit geniet. Ai Pukke, wat is dan fout met julle — Here XVII se manne slaan toe en vinnig ook hoor!

Piet Kleynhans se meisie het nou Oosterhof toe getrek, blykbaar om hom moeite te bespaar of om sleeptyd te verleng.

Pieter Mulder wil nou liewer op die S.S.B. dien, dis seker die dat hy Soggens hekkies oefen, ne Triena.

Bessie Richter kan nie meer wag vir die dag wanneer die bloustêenring 'n blinkklip gaan word nie.

Wie het geweet dat Willem Pelser 'n instrukteur is? O ja, hy leer dan vir Izelda hoe om motor te bestuur.

Schalk Naude, is Caro die hondjie of gaan dit meer om die halsbandjie.

Nick Meerkotter trotseer steeds die dongas om by Lynette in Karlien uit te kom.

Elna du Plessis moet tog asseblief nie weer in Koos Lee se kar koerant lees nie, hoor. Dink net aan die gevare as jy dalkies moet stap.

Bessie Hoffman word toe mos mannekyn, so erg dat Schalk van der Merwe glad kwyn.

Dankie aan al die saamloerders.

AGIE.

# Lektor terug van oorsee

**NAVORSING op farmaseutiese gebied in Suid-Afrika vergelyk goed met die in Engeland en sommige Europese lande, as in ag geneem word dat die graadkursus in aptekerswees in Suid-Afrika maar sowat vyftien jaar oud is.**

Dit is die mening van mnr. A. P. Goossens, senior lektor in farmaseutike aan die Potchefstroomse Universiteit, nadat hy ses maande lank in Brittanje navorsing gedoen het en ook verskeie farmasie-departemente en farmaseutiese maatskappye op die kontinent besoek het.

Mnr. Goosens, aan wie op die eerskomende gradeplegtigheid van die P.U. 'n doktoersgraad toegeken gaan word, het nadoktorale navorsing gedoen aan die Chelsea College of Science Technology veral met betrekking tot die toepassing van analitiese tegnieke.

Hy het in die navorsing gebruik gemaak van verskillende analitiese tegnieke by die identifikasie en kwantitatiewe bepaling van geneesmiddels in biologiese materiaal met spesiale aandag aan die invloed van struktuurveranderinge van geneesmiddels.

Mnr. Goossens het ook die Rijksinstituut voor Geneesmiddel Ondersoek aan die Rijksuniversiteit in Leiden die farmasie-departement van die Vrije Universiteit in Amsterdam en twee groot farmaseutiese maatskappye in Switserland besoek. Hierbenewens het hy ook die Britse Farmaseutiese Kongres in Glasgow bygewoon.

**LINDEQUE'S** SKOENREPARASIES EN LEERWERKE

**Lombardstraat 64, Telefoon 4854.**



★

*Spesiale pryse aan Studente.*

★

Depots:
**Bult Droogskoonmakers en Wesvaal Waassery.**

# THALIA KEURING LEWER TALENT

**TYDENS die Thalia-keuring kon daar gekies word tussen meer as 120 sangers en toneelspelers. Dat hier vanjaar weer hope talent is, was gou duidelik.**

Die program wat vir 1972 beoog word, word in revuevorm aangebied. Die idee is om die speelbaarste fragmente uit Langenhoven se beste werk te dramatiseer. Repetisies het reeds begin en daar lê nog harde werk voor om Langenhoven en sy tydgenote so getrou as moontlik weer te gee. Soos altyd word net die beste beoog.

Tegnies wag daar ook groot dinge om die aanbieding so aanskoulik en oortuigend as moontlik te maak.

Die beoogde toer sal aandoen op plekke soos Bloemfontein, die Kaap en Oos-London en 'n bootreis word beoog.

Die uitgangspunt van Thalia bly nog steeds: „Uit die student vir die student".

# KOVSIES STIG EIE „ALABAMA"

Kovsieland het besluit om hulle eie Revue-groep, RUOVS, te stig. Dit is 'n langgevoelde ideaal wat nou verwesenlik is. „Die Irawa" bestempel die groep as „iets soos die Alabamagroep, maar glad nie so nie".

Hulle voel dat so 'n groep die universiteit se karakter sal weerspieël en die universiteit sodoende sal bekenistel.

Die Kovsies hou alreeds hulle eerste repetisies en hoop om gedurende Juliemaand hulle eerste toer te onderneem.

In 'n onlangse resensie is dit juis genoem dat dit betreur word dat daar so min sulke groepe is wat die Afrikaanse karakter van ons universiteite uitdra.

Ons hou duimvas vir die Kovsies en wens hulle voorspoed toe.

# COLLEGIUM MUSICUM

Collegium Musicum bied vanjaar ses konserte aan wat gewy is aan musiek van die afgelope honderd jaar. Die eerste twee vind plaas op.

**18 Maart:**
Franse musiek — klavier, sang, fluit.

**26 April:**
Gemengde program van 20ste Eeuse musiek — viool en klavier.

**20 Mei:**
Spanje en Hongarye — sang.

# Alabama in nuwe gedaante

**DIE GEWILDE Alabama-Studentegeselskap gaan vanjaar in 'n nuwe gedaante gesien word. Die leier, mnr. Johan van Rensburg, het gesê: „In die plek van die willekeurige revueprogram kom nou 'n tema. Dit vorm dus 'n middeweg tussen die gewone revue en die blyspel en die operette".**

Van die beproefde revue word egter nie afgesien nie. Dis net 'n anderse aanbieding om 'n bietjie vernuwing te bring in die geykte vorm.

'n Belangrike nuwigheid is die verteller. Hy lê die noodsaaklike kontak tussen die storie en die gehoor.

As tema word gebruik Shakespeare se Seven Ages of Man waarin die mens se verskillende lewensfases uitgebeeld word: vanaf die kind tot die bejaarde. By elke fase word geskikte liedjies, kostuums en bewegings gebruik.

Die lewenslustige Alabama-Studentegeselskap onderneem weer 'n toer deur 'n deel van die land, en o.a. word dorpe in die O.V.S., Natal en Transvaal besoek. Na die Julievakansie kom Potchefstroom en omgewing aan die beurt.

'n Balans word gehandhaaf tussen Afrikaanse en Engelse liedjies. Oorspronklike musiek deur mnr. Van Rensburg word ook gebruik.

Die koor bestaan uit 12 dames en 10 mans. Volgens mnr. Van Rensburg is hulle baie belowend. Die orkes en tegnici is nog nie gekies nie.

Die komediante is Joe Enslin en Frans Kruger wat ook in Revue '69 opgetree het.

Die musiekregie word waargeneem deur Johan van Rensburg. Frans Marx doen die finale afronding.

# Pukkie verkope op koshuisbasis

Vanjaar word die Pukkieverkope op 'n heel ander wyse aangepak nl. op koshuisbasis. Vyftien busse word deur die onderskeie koshuise gebruik wat dan die verkope op eie stoom verder voer. Die doel hiermee is om seniors sowel as eerstejaars te betrek in 'n massapoging. Nie alleen sal dit die algemene kampusgees bevorder nie, maar kan verkope in die toekoms meer uitbrei.

Die Pukkie is reeds gedruk en 25 Maart is bepaal as verspreidingsdatum.

Komaan Pukke, trek op in julle massas! — daar wag 35 000 Pukkies om verkoop te word.

# 20th Cent ry

**Vry. 10 en Sat. 11 Maart:**
**„THE KREMLIN LETTER"**
Bibi Anderson, Richard Boone
(4-18).

★

**Sat. 11 om 9. 30 vm.:**
**„LIVING DESSERT"**

★

**Maan. 13 tot Sat. 18 Maart:**
**„DIAMONDS ARE FOREVER"**
Sean Connery, Jill St. John.
(4-18).

★

**Maan. 20 en Dins. 21:**
**„THE SOLDIER WHO DECLARED PEACE"**
Warren McGavin, Earl Holliman

★

**Woens. 22 en Don. 23:**
**„JEALOUSY ITALIAN STYLE"**
Marcello Mastrioanni, Monica Vitti.
(2-18).

# Goue Weste

**Vry. 10 en Sat. 11 Maart om 6.45 nm.:**
**„THE MAGIC CHRISTIAN"**
Peter Sellers, Ringo Starr

★

**Vry. 10 en Sat. 11 om 9 nm.:**
**„DAY OF VENGEANCE"**
Guiliano Gema, Pajarito Rabal.
(4-16).

★

**Maan. 13 tot Sat. 18 (Slegs een vertoning):**
**„PAINT YOUR WAGON"**
Lee Marvin, Clint Eastwood, Joan Seberg

★

**Maan. 21 en Dins. 22 om 7 nm.:**
**Vry. 24 en Sat. 25 om 6.45 nm.:**
**„COLD TURKEY"**
Dick van Dyk, Pippa Scott.

# Potch. Inry

**Vry. 10 en Sat. 11 Maart om 6.45 nm.:**
**„CARRY ON IN THE LEGION"**
Phil Silver, Jim Dale en Kenneth Williams.

★

**Vry. 10 en Sat. 11 Maart om 9 nm.:**
**„HOW TO COMMIT MARRIAGE"**
Jane Wyman. Jackie Gleason
(4-18).

★

**Maan. 13 en Dins. 14 om 7 nm.:**
**Vry. 17 en Sat. 18 om 9 nm.:**
**„THAT COLD DAY IN THE PARK"**
Sandy Dennis, Michael Burns
(4-18).

★

**Woens. 15 en Don. 16 om 7 nm.:**
**Vry. 17 en Sat. 18 om 6.45 nm.**
**„KASHMIRI RUN"**
Purnell Roberts, Alexandra Bastedo.

BY VOORKEUR

*Gebak deur*

Turkstra

BY VOORKEUR



Prof. en mev. Muller Ballot saam met prof. Hennie Grobler tydens die kunsuitstalling. (*Fotokuns*).

# Departement Beeldende Kunste Geopen

**DIE OPENING van die jongste departement aan die Puk, die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, was 'n reuse sukses. Baie van die kunstenaars wat aan die P.U. werke geskenk het of dit in bruikleen gegee het, was teenwoordig.**

By die geleentheid het Martin Koch 'n waardevolle skildery aan die Puk geskenk. Die skildery „Bosveldpaadjie" was die duurste op die uitstalling. As ons in aanmerking neem dat hy in Amerika R5 000 daarvoor sou kry, kan ons onsself bevoorreg ag.

Volgens professionele mening was George Boys, Bettie Celliers-Barnard, Cecil Skotness, Gunther van der Reis en Dirk Meerkotter uitblinkers op die uitstalling.

Die verskillende skilders waarvan menings gevra is, was dit almal eens dat die werk van goeie gehalte is en redelik verteenwoordigheid van wat in Suid-Afrika gedoen word.

George Boys se mening van die uitstalling was dat dit die kern van 'n goeie versameling is. Dit is ook die eerste universiteit wat so goed begin het.

Dirk Meerkotter meen dat dit 'n unieke geleendheid bied vir persone wat nie stad toe kan gaan vir kunsuitstallings nie. Hy sou tog graag ander kunstenaars ook daar wou gehad het. Hy stel voor dat die skilderyw wat gestuur word, kleiner moet wees of die saal groter, sodat die skilderye nie so opmekaar hang nie.

Prof. Ballot en die wat hom bygestaan het, moet beslis geluk gewens word met die program en projek wat hulle aangebied het.

# Kamertoneel betrek nuwe lokaal

**DIE Dept. Spraakleer en Drama aan die P.U. vir C.H.O. se opvoeringsprogram vir vanjaar is bekend gemaak. Die departement het pas sy nuwe, beter toegeruste gebou betrek.**

Daarin is 'n nuwe kamertoneel wat alhoewel, dit nou sitplek vir tagtig mense bied, nog net so intiem soos die vorige een is. Die teater word amptelik in gebruik geneem met 'n aanbieding van *Bruid in die more* (Hugo Claus) onder die regie van Franz Marx. Voor hierdie datum bied die derdejaarstudente in Spraak- en Vertolkingskunde nog 'n aand van stories vir oud en jonk aan: *Daar was eenmaal*...

Nog 'n verdere groep aanbiedings is vir 1972 beplan, naamlik 'n vertolkingsprogram vir hoërskoolleerlinge en die finale eksamenaanbieding deur derdejaarstudente, wat bestaan uit 'n aantal lesingprogramme prakties toegelig met prosa en poësievertolking.

Die vollengte toneelaanbiedings is *Juffrou Julie* van Strindberg, *En die naam van die trem is — Begeerte . . .* (Tenessee Williams) en *Verkiesing sonder politiek* (Beukes), aldrie deur Franz Marx geregisseer. Daarby kom nog twee aande van fragmente uit *Twaalfde nag* (Shakespeare) en *Elektra* (Sophocles) met Elize Shceepers en Peet van Rensburg as spelleiers.

Die afdeling Spraak- en Vertolkingskunde sluit die jaar se werksaamhede af met 'n aanbieding van Van Wyk Louw se *Die Dieper Reg* met die Heldedagviering op 10 en 11 Oktober. Bet Botha is hierdie keer die regisseuse.

## Bybelsimposium vind byval

Verrassende reaksie is van hoërskole, meesal in Transvaal, ontvang oor navrae of daar 'n behoefte bestaan aan 'n simposium oor „Die Bybel in die Skool". Na van mnr. C. J. Reinecke, adjunk-direkteur van Ontwikkeling aan die P.U. verneem is, het 174 onderwysers uit 72 hoërskole gesê dat hulle so 'n simposium sal wil bywoon.

Die datum vir die simposium op Potchefstroom is bepaal vir Vrydag 28 April. By die geleentheid sal daar ook 'n uitstalling van apparaat vir aanskoulike Bybelonderwys en handboeke wees.



Mev. Rohrich en Martin Koch by lg. se skildery „Bosveld paadjie". (*Fotokuns*).

# DURER - UITSTALLING

'N UITSTALLING van werke van die vyftiende eeuse Duitse kunstenaar, Dürer, is op 21 Februarie in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou geopen deur prof. G. Dekker.

Die uitstalling is gesamentlik aangebied deur die departemente Duits, Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste. Die werke is in bruikleen geskenk deur die Duitse Ambassade.

Prof. Dekker het in sy kort openingstoespraak gesê dat Dürer so belangrik is in die kunslewe van Europa dat dit betaamlik is om op so 'n wyse dankbare waardering vir sy werk te betuig.

Hy het gesê dat die liniêre trek in sy werk baie sterk is, wat hom in die geleentheid stel om 'n presiese en skerp weergawe van die werklikheid te gee. „Daar bestaan die gevaar dat hierdie liniêre kuns te veel analitiese lynkuns bly, maar Dürer kom wel tot 'n sintese: sy werk het ook 'n psigiese betekenis," het prof. Dekker gesê.



Dirk Meerkotter (regs) en 'n gas by een van sy skilderye. (*Fotokuns*).



Bettie Cilliers-Barnard en prof. W. N. Coetzee in gespreek tydens die opening.

(*Fotokuns*).

# Regsgeleerde gee lesings

'N NEDERLANDSE hoogleraar in die Regte, prof. R. Feenstra, het op Donderdag 24 Februarie twee lesings vir studente en dosente aan die P.U. gehou.

Prof. Feenstra, wat kragtens die Suid-Afrikaanse-Nederlandse-verdrag na Suid-Afrika uitgenooi is, het gepraat oor „Historiese aspekte van die Eiendomsbegrip" en „Geskiedenis van die Leerstuk van Ongeregverdigde Verryking".

Afkomstig uit Leyden het hy in 1947 aan die Gemeenskaplike Universiteit van Amsterdam met die proefskrif „Reclame en Revindicatie" gepromoveer. Vanaf 1946 tot 1948 was hy 'n wetenskaplike medewerker aan die Universiteit van Amsterdam. In 1949 is hy aangestel as hoogleraar in Nederlandse Regsgeskiedenis aan die Universiteit vyn Utrecht. Hy het heelwat regswetenskaplike werke asook belangrike bydraes tot Nederlandse en buitelandse regstydskrifte gelewer.

Prof. Feenstra besoek al die universiteite in Suid-Afrika en het reeds Vrydag na Pretoria vertrek waar hy 'n aantal lesings aan die Universiteit van Pretoria sal lewer.

# LEKKER VAKANSIEWERK

**VIR BAIE studente is die verkryging van vakansiewerk een groot nagmerrie. Mnr. Jan Silvis, Penningsmeester van die Studenteraad, het egter geen probleme gehad nie, aangesien hy twee vakansiebetrekkings gehad het.**

Mnr. Silvis se werk het gestrek van die verkoop van besems, waarmee hy twee weke besig was, tot geld- en bankwese. Vir 7 weke was hy werksaam by die Sentrale Aksepbank.

Die werk as „besemsmous" vereis gespesialiseerde tegnieke.



Om die "smouse" tuis te maak op hul nuutgekose terrein moes hulle 'n "room drill" ondergaan. Verskeie tegnieke was aan hulle duidelik gemaak om die verkope suksesvol af te handel. Aangesien hy nie die "room drill" kon bywoon nie het hy die eerste oggend 'n "car drill" gehad.

Op heel diplomatiese wyse word die aandag van die publiek getrek. Kleurbaadjies word gedra om die nodige simpatie en ondersteuning te verkry. Jou tassie word weggesteek om 'n onvriendelike ontvangs te voorkom.

Mnr. Silvis het gevind dat 'n pen sommige mense by voorbaat afskrik. Hiervoor moes ook 'n tegniek uitgevind word. Die pen word op die mat gegooi, stofsuier word gebruik om dit op te tel, maak die stofsuier skoon en siedaar sit jy met die pen in jou hand.

In hierdie bedryf verbreed 'n mens se mensekennis geweldig en leer jy ook hoe om mense te benader. As die publiek hoor jy verkoop besems, is die entoesiasme aanvanklik gedemp. Gou verseker hy hulle egter dat hulle nie hoef te koop nie — hy wil net demonstreer. Heel dikwels moet daar dan gekeer word dat mense, na die demonstrasie, nie al die artikels koop nie.

Mnr. Silvis meen dat dit 'n harde manier van geldmaak is, maar tog baie lonend. Daar is gemiddeld R24 per dag verdien wat by 'n student nie te versmaai is nie.

---

**BRIEF:**

## KUNSWERKE SKADELIK?

Geagte Redakteur,

Mag ek hiermee 'n interessante insident wat ek onlangs beleef het, onder u aandag bring.

As een van die menigte wat verlede jaar die verskyning van etlike abstrakte kunswerke op die kampus, en meer spesifiek in die Frans du Toit-gebou gesien het, wil ek net daarop wys dat hierdie kunswerke nie skadeloos is nie. Dit het vir my 'n beeld gegee van die desperaatheid van 'n denkgees van ons tyd onder die jonger geslag, wat ek met versigtigheid as die anti-Chris takseer.

Graag wil ek een van my vriende, wat nie heeltemal met my konserwatiewe houding saamstem nie, se interpretasie hier noem: vir hom is die gemonteerde glasskyfies 'n simbool van die aspekte van die werklikheid wat gemonteer is op 'n basis van graniet. Met hierdie siening stem ek saam, maar hy voeg toe by dat die granietvoetstuk baie duidelik sy identitit verraai deur die sogenaamde vredesteken.

Die nate van die marmerblad is bepaald in die vorm van 'n omgekeerde hoofletter Y! Stem u saam met my dat hierdie teken geen liefde van 'n Christen mag ontvang nie?

Uit die aard van die saak kan ek nie sy vertolking van die werk verwerp nie, want dit is nou eenmaal wat hy gesimboliseer sien. Spreek die hardkoppigheid van hierdie mense nie hieruit nie?

VRA MAAR NET.

(Brief verkort — *Red.*).

## M.A. STUDENT EN T.V.

Mnr. Andre I. le Roux, M.A.-student in Kommunikasiekunde aan die P.U. vir C.H.O., is pas vanaf die V.S.A. terug na België, waar hy tans navorsing doen.

In Amerika het hy in New York besoek gebring aan televisie-ateljees van die "National Broadcasting Company" in die Rockefeller Centre, asook die radiostasie van die WNBC/WN BC-FM. Vanaf Amerika is hy na Montreal in Kanada.

Tans doen hy navorsing op die terrein van televisie in die interpersoonlike kommunikasie aan die "Centrum voor Communicatie-wetenschappen" aan die Universiteit van Leiden.

Hy bring eersdaags ook 'n besoek aan die B.B.C. in Londen.

# Ons lesers skryf . . .



## TOG SO SLORDIG

Geagte Redakteur,

'Daar is niks met ons jongmense, en in die besonder met ons Puk-studente verkeerd nie." Hierdie bewering word gereeld gemaak, maar ek is daarvan oortuig dat menige besoekers, (en selfs Puk-studente), nie hiermee sal saamstem nie. Hier is iets drasties met ons Pukke verkeerd en dit is hulle sin vir sindelikheid. Ons is self besig om 'n klad op ons *Alma Mater* se naam te bring deur ons morsigheid.

Ek daag enigeen uit wie my stelling teenstaan om te gaan kyk hoe lyk dit om 1 nm. voor die Puk-Pik en die S.R.-kantoor voordat die Bantoe kom opruim. Dit lê besaai met blikkies, strooitjies, leë meklhouers en alles wat vlieë en deesdae bye ook lok.

Kan ons studente nie bietjie dink wanneer hulle die blikkies daar so laat, wat 'n besoeker, en ek kan u verseker dat ons dikwels besoek van hoë persone ontvang, moet dink wanneer hulle die gemors voor die kafeteria sien.

Ons studente moet ook bietjie dink watter gedagte by daardie Bantoe opkom wanneer hy daar moet opruim. Dit wat hy die aand in die lokasie oorvertel strek sekerlik nie tot eer van ons blanke Afrikanerstudente nie.

Daar behoort dringend 'n kampanje geloods te word op die kampus om ons universiteitsgronde skoon te hou. Plaas bv. plakkate om die studente te herinner aan sindelikheid op die kampus.

Hierdie uiters belangrike taak moet ons nie oorlaat aan 'n paar persone nie, maar dit is ons elkeen se plig om tot hierdie veldtog by te dra. Dan sal elkeen waarlik in alle opsigte trots kan wees op sy kampus en sal eerlik kan sê: Daar is niks verkeerd met ons Puk-studente nie!

KAMPUS-VEGTER.

# VASSLEPERY IS 'N EUWEL

Geagte Redakteur,

Getrou aan ons tydsgees, wil ek die bestaande orde van onderlinge verkeer op die Puk aanval.

Ons het almal Universiteit toe gekom om mense te word, om ons standaarde te kom opweeg teen die van ons tyd — en geesgenote en om onsself op sosiale gebied te kom oefen en aanbied.

Nou lyk dit vir my asof die enigste aanvaarbare, sosiaal-toelaatbare vorm van verkeer met die teenoorgestelde geslag die van vasslepery is. Vir tweederdes van ons meisies is dit nie 'n verkieslike toedrag van sake nie, omdat ons voel dat om vas te sleep beteken om 'n baie goeie, stewige liefdesverhouding met 'n persoon te hê, met die oog op toekomstige ontwikkeling. En die van ons wie se wederhelwe nie op die Puk rondloop nie, moet nou afsien van alle verkeer met mans. Die ander alternatief is om jouself beskikbaar te stel as 'n teenvoeter vir verveling vir een of ander man — dit wil sê as jyself fisies aantreklik genoeg is — en dit lei tot ongesonde los-en-vas liggaamlike verhoudings, wat frustrasie en misverstand veroorsaak.

Die van ons wat nie kans sien vir een van die twee alternatiewe nie, word nou uitgeskuif om ons dae in die kamer of tussen ons meisiemaats deur te bring, en sodoende sit hier honderde interessante, spitsvondige meisies in ons koshuise, wat wel kennisse onder die mans het, maar werklike *vriende* het hulle nie.

'n Meisie geniet dit oor die algemeen meer om met 'n man te gesels en om haar logika te toets aan die van 'n man, wat gewoonlik beter is, en om te hoor wat die ander geslag dink van dinge. Dit is ook natuurlik en as ons vryer, sonder bybedoelings van beide kante, met mekaar kan omgaan, sal alle aksies op die Puk in 'n meer spontane gees kan plaasvind, sal spanning tussen geslagte later begin verminder en is ek seker dat ons 'n meer intellektuele, stimulerende gees op ons kampus kan laat ontstaan.

Hoekom moet daar altyd gevolgtrekkings gemaak word wanneer 'n man en meisie die bestaande, verstokte orde 'n bietjie probeer buig? Pukke, probeer om dit te aanvaar dat 'n mens vriende kan wees buite 'n liefdesverhouding. 'n Meisie wil nie noodwendig uitgeneem word nie, dis net so lekker om te gaan stap, of te gaan teedrink, of net te sit en gedagtes wissel.

Ek is oortuig daarvan dat die soort vryere omgang geredeliker van die meisies se kant af sou kan kom, want hulle is die eintlike lydende party, maar dit is nou ongelukkig so dat mans in die meeste gevalle die voorbehoud tot toenadering het en is die gewillige vroulike geslag se hande afgekap. Neem 'n mens wel die inisiatief, word jy met onmiddellike suspisie bejeën, en is daar spanning in die verkeer wat volg.

Kom, manne, onder daardie onaansienlike, Krombeen Kiewiete en Mollige Maries is gawe vriendinne!

Wat dink die res?

"MOEDIGE MINA".

# Geneesmiddel teen Hoe Bloeddruk

**BELANGRIKE NAVORSING in verband met 'n nuwe geneesmiddel wat vir hoë bloeddruk gebruik word, gaan binnekort aan die Potchefstroomse Universiteit voortgesit word deur dr. H. D. Brandt, senior lektor in farmakologie. Hy het onlangs teruggekeer van Duitsland waar hy aktief deelgeneem het aan 'n omvattende ondersoekprojek oor hierdie geneesmiddel.**

Dr. Brandt se besoek aan Europa is moontlik gemaak deur 'n beurs van die firma Boehringer Ingelheim. Hy was vyf maande lank werksaam in die firma se fabriek in Ingelheim, waarna hy drie maande in Nijmegen, Nederland onder prof. E. J. Ariëns gewerk het. Prof. Ariëns is 'n toonaangewende wetenskaplike op die gebied van molekulêre farmakologie — 'n afdeling wat tans besondere aandag geniet aan die P.U. vir C.H.O. Hy het hom ook in Nijmegen vertroud gemaak met tegnieke wat vandag by diere-eksperimente in farmakologie toegepas word

In Wene, Oostenryk, het dr. Brandt onder prof. W. Kobinger veral probleme in verband met die werking van geneesmiddels wat vir die firma van belang is, ondersoek.

Dit het hom veral getref dat baie aanhangers van die sosiaaldemokratiese regeringstelsels 'n totaal ander wêreldbesjouing as ons in Suid-Afrika het, het dr. Brandt in 'n onderhoud gesê.

Die sterk geindustrialiseerde state het ook meer geld beskikbaar om duur elektroniese apparaat vir navorsing aan te koop, sodat die akademiese werk daar goed op peil is.


**POTCH. SPARES**
(PTY.) LTD.

VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE
FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES

★

Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260
39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

# OP DIE KOSHUISFRONT

**OVER DE VOOR:**

Die 18 Maart is daar groot dinge aan die gang vir Over de Voor — Taaibos. Die jaarlikse mini-intervartisy vind vanjaar op Tukkies plaas.

Die koorsloop hoog en die hele Over de Voor berei hulle voor om op te ruk na Tukkies om te sien hoe hule manne die Taaibossers gaan kafdraf.

Die sportsoorte waarin meegeding gaan word is tennis, tafeltennis, skaak, veerplytjies, gholf, brug, snoeker en die baie belangrike RUGBY.

Daar is 'n paar puik en ervare deelnemers wat Over de Voor manne se moreel sommer hoog hou. Om maar een te noem — Jan Kovsies wat snoeker oor die pos gespeel het!

Dit is verblydend om te sien hoe mooi die liefdesbande groei tussen Over de Voor en die mooi meisies van Karlien. Dit gaan waarlik van krag tot krag.

Over de Voor wat hierdie jaar sy tiende bestaansjaar vier, is net mooi vyf jaar ouer as Karlien, maar al is die meisie van hulle nog so jonk, staan sy nie 'n tree terug op die gebied van intertees nie. Vra die manne van Die Voor, hulle sê so.

**DIE SKUUR:**

Die 1972-Dore het die kampus betree en die ouhere het voor hulle geval. Die slagting in die Skuur was groot en die manne het selfs die nag voor die S.R.-kantoor deurgebring, ten spyte van die dou. Onder die gevalle helde was karakters soos Johan Roodt, Pottie Viviers en Fanie Mulder wat nog steeds ewe ridderlik by Kasteel opdaag.

Die eerste koshuisrugbyvergadering is gehou en oom Joggie Hattingh is tot president verkies. Groot drome word op rugbygebied gedroom, wat, as die oefeninge gereeld bygebring word, beslis bewaarheid sal word. Dan het ons natuurliknog vir Kroggies om die Skuur se naam op 'n atletiekgebied hoog te hou.

O ja, die Skuur se nuwe telefoonnommer is 7996, en noem asb. die gang waarin die persoon woon — dit spaar rondhardlopery.

**LIBERALIA:**

Net soos al die ander koshuise op die Puk dink ons hier ons koshuise is die koshuis, ons sê dit net nie.

Wat krieket aanbetref, het ons vanjaar 'n groot oes gehad. In gure weer het ons manne Kompleks kafgedraf met agt paaltjies. Ook op atletiekgebied het ons 'n paar staatmakers.

Swem? Ja, dis eintlik 'n teer sakie, ons kom toe tweede laaste met die interkoshuis swemgala.

'n Baie sosiale koshuis, ons. Sondagaand het ons 'n kennekaar met Kasteel hier by ons gehou, wat uit geloop het op 'n interfliek waarvoor die asters die manne moes skiet. So tussen al die ongelukke deur was dit baie suksesvol. Dit lyk of 'n paar manne uiteindelik hulle liefde gevind het. Ons hou duim vas vir die ouens wat vassleep en tog gegaan het.

**GATLAND:**

Teen alle verwagting in en tot groot blydskap van al wat Gatlander is, kon ons weer vanjaar ons eie koshuis betrek. Eintlik het ons almal dit verwag, maar dat Gatland so 'n verjongingskuur sou ondergaan — nooit! „Suikerbossie" is nou wel nie meer ons koshuislied nie, maar Gatland is weer splinternuut.

Wat ons manne betref het daar nie veel verandering gekom nie. So baie van verlede jaar se ouens het terug gekom dat daar net vir vyf eerstejaars plek ingeruim kon word. Die feit dat ons ou bekendes vir mekaar is gaan ons koshuisgees laat sneeubal.

Op die oomblik blyk dit dat visvang vanjaar die koshuissport gaan wees. Die visvangkoors wat so hoog loop, word ook deur die nie-hengelaars waardeer. Want sien vandat daar skielik so 'n voedsel tekort in die eetsaal is, is dit nogal bak om gereeld 'n paar sesponders vir die pan aan te hou in ons enigste bad.

Op sosiale vlak floreer ons vanjaar. Die jaar het nog nie eens koers gekry of ons het alreeds 'n paar intertees bygebring. Daar is groot dinge aan die broei tussen ons en die dames van Kulu.

Gatland se sêrgroep was snags ook al 'n paar keer bedrywig by die dameskoshuise. Maar die groot dinge kom nog.

Die 7 Maart hou ons 'n koshuisgeselligheid wat waarlik beloof om gesellig te wees.

**KLAWERHOF:**

Klawerhof het weer aan die skommel gegaan en die lang windstilte en met die koms van die seniors is orkaansterkte bereik (vir die eerstejaars altans!)

So van oorstromings gepraat, Anna Venter van vervloë dae en haar makkers het deur die jare heen met kragtige hale al die swemrekors van die Puk Klawerhof-toe laat spat en die jaar kom 'n jong Anne Venter (familie, ja) en sy en haar makkers sorg dat die atletiekbeker sy weg tussen die rooi en pienk rokke deur na Klawerhof toe vind. Marie Viljoen wat 'n S.A. rekord agter haar naam het, meen toe dis darem onvoldoende en slinger met haar gewig 'n Puk rekord in sy peetjie, wat toe sommer deurrol na Klawerhof se joernaal.

Ons het intussen besluit om weg te doen met die museumvoorkoms en nuwe meubels te koop; die dat reisvaardige slepers een aand verras is met verkeersdoedies voor Klawerhof en tot soveel as 50c. boete betaal het. Prof. Schalk Duvenhage het in Amerika besluit dat dit „in" is om R10 te betaal vir 'n sjokoladekoek. Dankie Professor, ons sien al klaar verby die drie-poot museumstukke.

Met die bros-eksamen agter die rug kan ons nou terug keer tot die akademie. Kamers toe!

# *Op eie werf*

Die verlies van verskeie groot en ou staatmakers in die geledere van Puk-rugby het heelwat doemprofete en pessimiste gekweek t.o.v. die vooruitsigte en kanse wat ons hierdie jaar het om weereens die botoon in Wes-Transvaal sowel as in die „Vrystaat" te voer.

Om pessimisties te wees is daar aan die een kant rede genoeg voor, want vir enige span is die verlies van sy room in geheel 'n gevoelige slag en ge noegsame rede tot kommer. Aan die anderkant is daar uiters goeie redes waarom enige span, behalwe Puk, wat dalk enige aspirasies het in Neser-liga of intervarsity om liewers maar die 'valse hoop en geesdrif 'n bietjie te demp, en met Puk erkenning te hou.

**Voorryposisie:**

Wat die voorry-posisies betref lyk die talent maar skraal, en gaan dit nog groot kopkrap en bekommernis veroorsaak. „Shoe" Schutte wat verlede jaar sy vakleerlingskap in die tweede span gedoen het is op hierdie stadium 'n sekere keuse en indien hy ietwat verbeter het behoort hy 'n waardige opvolger te wees. Lg. se spanmaat van verlede jaar, Wally van der Walt, het genoegsaam krag en toewyding, maar dit kan blyk dat hy nie die nodige gewig het vir daardie uiters belangrike plek nie. Daar was sprake dat Jan Brand, broer van Piet Brand, homself sou beskikbaar stel om as voorry diens te doen, maar blykbaar verkies hy dit om slot te speel. Hier gaan hy beslis met kompetisie te doen kry in die persone van Piet Brand en Dries Coetzer.

**Hakerposisie:**

Wie hierdie jaar voor in die lynstaan gaan staan is in hierdie stadium nog in ope vraag. Neil Cawood sal beslis sy plek volstaan en is 'n toegewyde speler wat teen hierdie tyd genoeg lesse by Ferdie Postma geleer het om homself te bewys. Blykbaar is daar nog meningsverskil oor wie uiteindelik die no. 2-Trui sal dra en is dit byna seker dat dit na afloop van die proewe Saterdag wel Cawood sal wees.

**Skakelpaar:**

Alhoewel geen man onvervangbaar is nie is dit tog jammer dat Jannie Barnard geslaag het in sy finale eksamen. Die man, wat blykbaar nie goed genoeg vir die Wes-Transvaal span was nie is deesdae 'n sterk aanspraakmaker vir die Transvaalse span. Tog jammer dat so 'n bekwame man nie alreeds verlede jaar op ie keurkomitee was nie en in hierdie geval word gedink aan Chris Holtzhausen, maar dit net terloops. Wie Barnard se plek gaan volstaan word oor gerraai en gegis. Hoekom? Is daar naas Spotty de Waal 'n beter skrumskakel op die Puk? Hierdie kêreld het meer ondervinding, meer rugby en meer planne as enige van sy medeaanspraakmakers. Onder druk raak hy 'n bietjie wild en daarop sal moet konsentreer.

Dat die geskiedenis homself herhaal, word maar weer bewys, deurdat oor Piet Roodt se posisie getwyfel word. Een keer sal die geskiedenis hom herhaal en hy sal weer die losskakel wees en enige aspirant sal hom eers moet uitspeel.

**Senters:**

Eugene van Wyk, 'n baie sekere keuse op senter, soek waarskynlik 'n maat vir homself. Van al die applikante vir hierdie pos sal Muller blykbaar die sukses volste wees as hy genoegsaam van sy besering herstel het. Hy sal egter in 'n puik kondisie moet wees om vir Charles Venter uit te hou, wat in hierdie stadium bo hom verkies word. Wie die taak sal hê om die bal in die lynstane na Piet Brand en Dries Coetzer in te gooi, kan min oor getwyfel word. Gerrit Botha en Johan Steyn is sekere keuses. Saaiman beskik oor 'n waardigheid maar of hy een van hulle sal lig word betwyfel.

**Geen Automatiese Keuse:**

Die laaste vesting behoort ook ongetwyfel aan die kranige Schalk van der Merwe en sal dit nie verbaas in dien hy hierdie jaar vir Wes-Transvaal diens doen nie.

Dit sou vir enige van lg. spelers intens dwaas wees om op outomatiese insluiting in die span a.g.v. vorige rekords staat te maak. Elke man sal moet speel vir sy plek, want om op jou lourere te rus met manne soos Johan Nel, Johan Hunter, Ian Taljaard, Theuns van Rensburg, Frans Kruger Nico Breedt en Koos Coetzee in die nabyheid sal dit 'n dwase fout wees.

**Jim is Terug:**

Dit is feitlik 'n uitgemaakte saak dat verlede jaar se kaptein Jimmy van Rensburg weer gaan speel. Dit is 'n geweldige verligting en blye nuus vir elke Puk-ondersteuner. Sy kollega aan die anderkant van die skrum, James Stoffberg, sal weer sy plek volstaan en dit voorspel niks goeds vir die hoopvolste en geesdriftigste span nie. Om die kombinasie van losvoorspelers te vervolmaak is dit seker dat Bernardo weer gaan speel — dit opsigself maak mens bly. Maar aan die anderkant kan hierdie intens begaafde speler vind dat hy sy plek moet afstaan aan 'n meer toegewyde speler as hyself.

# MINI LEWER GOEIE TYE

**Op 'n atletiekbyeenkoms Woensdag 23 Februarie op die Bill Swart Ovaal het verskeie Puk-atlete op hulle vorige beste prestasies verbeter.**

Ruanda Jacobs het baie verbeter op haar vorige beste in die 200 meter en die 25 sek. grens verbygesteek met 'n baie goeie tyd van 24,7 sek. Sy het ook die 100 meter gewen in 'n ewe goeie tyd van 11,8 sek. Springbok Willie van der Westhuizen het ook 'n debbule oorwinning in die naellope behaal. Die 100-meter het hy in 10,5 sek. gewen en die 200-meter in 21,3 sek. In die 100 meter het hy baie swak wegespring.

Ria van der Berg het met Moira Joubert in die 100 meter hekkies afgereken en die tyd van 14,4 sek. gehaal. Danie Gildenhuis is besig om die vrugte te pluk van intensiewe oefening en het die 800 meter gewen in 'n tyd van 1 min. 51,9 sek. Dieselfde geld vir Dirk Schoeman wat tweede was in die 3000 meter met 'n beste tyd van 8 min. 20,8 sek. In die gewigstoot het Marie Viljoen 'n afstand van 13,99 meter behaal.

Op die 27ste het die Pukke weer op Pretoria gaan deelneem en daar het Bernard Rose 'n nuwe Noord-Transvaalse rekord opgestel in die 1500 meter vir juniors met 'n tyd van 3 min. 53,3 sek. Fanie van Zijl het die 800 meter gewen in 1 min. 49,3 sek. en Danie Gildenhuis het in dieselfde wedloop weer 'n verdienstelike tyd van 1 min. 52,2 sek. opgestel.

# TELEVISIE

● Vervolg van bladsy 1

telike gemeenskap moet alles wat neerhalend is, veroordeel en verwerp anders is ons aandadig daaraan. Die gemeenskap mag nie swyg nie.

Hy het gesê dat hy graag sal wil sien dat ons werk aan 'n Christelike perspektief oor kommunikasiemedia omdat daar nog nie veel aan gedoen is nie. Hy sal graag van die Pukke wil hoor met betrekking hiertoe, dat ons dit bespreek in ons verenigings of in ons akademiese studies inwerk.

Meer studente en in besonder behoudende Christenstudente moet hulle bekwaam om leidende rolle in die kommunikasiemedia te vervul.

Christene moet die media as't ware „beman".

# A.S.B. onder soeklig

● Vervolg van bladsy 1

kaanse studenteleiers ter tafel geneem word.

**Masjinerie.**

Hierdie ondersoek moet gesien word as 'n strewe om 'n masjinerie te skep vir die hedendaagse student waardeur hy hom ten volle kan uitleef en ook 'n meer prominente rol in kontemporêre aangeleenthede kan speel. Waar daar nou aan ou hout geskaaf en gekap word, moet die beklemtoon word dat dit hoegenaamd nie sal lei tot verwatering of kapitalisasie van ons beginselgrondslag nie, maar dat die kanale waarlangs hierdie prinsipes in die huidige tydsgewrig lewenskragtig uitgebou kan word, slegs ondersoek word, het mnr. Wessels gesê.


Vriendelike bediening van 'n mede-Afrikaner by . . .

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
U tevredenheid is ons PLESIER!

*Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings*



TEL. 6670

# KRIEKETSPELERS BUIT BEKER

**DIE PUK-KRIEKETSPAN het Saterdag 26 February te Stilfontein geskiedenis gemaak deur die Scorgiebeker die eerste keer in die geskiedenis te verower. Die Pukke het hul aartsvyande Strathvaal wat die beker verlede seisoen gewen het — met sewe paaltjies geklop.**

Die held van die wedstryd was Sias Willemse en hy sal hierdie wedstryd seker nie gou vergeet nie. Hy het 'n wedstryd-ontleding van 12/57 gehad nadat hy in die eerstebeurt met 5/32 en in die tweedebeurt met 7/25 Strathvaal geknak het. Dan het hy ook 27 en 20 onderskeidelik met die kolf behaal.

Op die eerste Saterdag se spel het Strathvaal eerste gekolf en 116 lopies almal uit aangeteken. Hulle was gelukkig om dit te behaal aangesien die Pukke verskeie vangkanse verbrou het. Boet Schlebusch (32) en Oliver Chisholm (36) het daarna haastig gekolf en met uitstekende het Pukke 87 vir 2 gehad.

**Verklaar.**

Op 'n nat kolfblad die tweede Saterdag was Fleetwood en Bates van Strathvaal met rukke onspeelbaar maar nogtans het die Pukke hulle telling opgestoot na 135/8 en verklaar.

Strathvaal het daarna weer kom kolf en toe het Willemse toegeslaan en met behulp van die baanblad en bogtige lug die bal lekker geswaai. Hy is goed bygestaan deur Nico Breedt, Jannie Nel en Mike van Zyl en Strathvaal was uit vir 'n skamele 85 lopies.

Met nog net 45 minute se spel oor het die Pukke 67 lopies gekort om te wen en na slegs 35 minute het Mike van Zyl die wenlopies geslaan met 'n kragtige viertjie. Saam met hom voor die penne was Nico Breedt met 16 n.u.n. wat ook die enigste ses van die wedstryd geslaan het.

**Koshuisliga:**

In die koshuisliga was daar as gevolg van die reën Saterdag 26 Februarie geen wedstryde nie. Die stand van spanne is as volg:

| Koshuis | Speel | Wen | Verloor | Gelykop | Punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Kompleks | 5 | 3 | 1 | 1 | 7 |
| Dawie Dup | 6 | 3 | 2 | 1 | 7 |
| Piet Grobler | 4 | 3 | 1 | — | 6 |
| Kasteel | 4 | 2 | 2 | — | 4 |
| Over de Voor | 5 | 1 | 2 | 2 | 4 |
| Dorp | 4 | — | 4 | — | 0 |

Verlede naweek het die Puk begin met sy wedstryd teen Klerksdorp. Puk kolf eerste en behaal 208 lopies met net 7 paaltjies plat. Die beste kolwers was Chrisholm met 60, Breedt met 33, Loots 16 en van der Walt 43 n.u.n.

Klerksdorp antwoord hierop met 40 lopies vir 3 paaltjies. S. Willemse kry 2 paaltjies vir 10 lopies vir 3 paaltjies. S. Willemse kry 2 paaltjies vir 10 lopies en Mike van Zyl 1 paaltjies vir 1 lopie.

Die wedstryd word op 11 Maart voortgesit.

## Gimnastiekspan gaan toer

**DIE P.U.-gimnastiekspan finaliseer tans die reëlings om tydens die Aprilvakansie 'n toer deur 'n deel van Transvaal en die Vrystaat te onderneem.**

Vanaf 29 Maart tot 12 April word Heilbron, Harrismith, Bethlehem, Mandini, Pongola, Piet Retief, Amsterdam en Carolina besoek. Verskeie uitblinkers in die gimnastiekspan, soos Gillian Cloete, Frikkie Coetzee, Willie van Eeden, Elize dos Santos en Alida Naude sal die toer meemaak.

Tobie Kruger sal optree as toerleier en die toerouers is dr. en mev. Gert Strydom, Dr. Strydom is verbonde aan die departement Liggaamlike Opvoeding.

Die mans sal 'n trampolettevertoning, sowel as vertonings op die brug en rekstok lewer. Opvoedkundige danse met en sonder handapparate sal deur die dames uitgevoer word, asook die uitbeelding van gedigte met behulp van ritmiese danse.

Die Gimnastiekklub beoog verder om tydens die Julievakansie in Kaapstad aan die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi deel te neem, asook om tydens Intervarsity teen die Kovsies mee te ding.



Marie Viljoen het vanjaar vir die eerste keer ingeskryf as student aan die P.U. vir C.H.O.

As S.A. Kampioene hou sy die S.A. gewigstootrekord vir dames met 'n afstand van 15,02 m. (49 vt. 3 1/2 duim).

Sy volg die kursus H.N.O.D. en het die meeste punte van die dames aangeteken tydens ons eerstejaars-atletiekbyeenkoms. Sy het ook die byeenkoms se gewigstootrekord verbeter.

*(Fotokuns.)*

## Sportmanne kry beurse

Twee van die Puk se puik sportmanne, Johann Hunter en Andries Coetzer, het elk 'n beurs van R500 van die Coca-Cola-bottelaars-vereniging ontvang. Die beurse is op 28 Februarie deur mnr. F. C. de Beer van Suncrush, Klerksdorp, oorhandig.

Johann Hunter het Springbokkleure in driesprong verwerf en het vanjaar ingeskryf vir B.Comm. (Honns.). Andries Coetzer het ook vir die graad ingeskryf en speel rugby vir die Puk se eerstespan.

Toe hy die beurse oorhandig het, het mnr. De Beer gesê dat die prestasies wat die twee sportmanne behaal het, nie buite bereik van ander is nie.

## PUKKE WAT PRESTEER

Een van die hoogtepunte van die eerstejaars-atletiekbyeenkoms wat op 12 Februarie gehou is, was die vertonings van 'n eerstejaar, Bernard Rose. Nie alleen wen hy die 800 meter in 'n rekordtyd nie, maar sit sy segetog voort en wen agtereenvolgens die 1500 en 3000 meter in goeie tye.



Bernard Norval Rose is op 2 Julie 1953 gebore. Twee en 'n half jaar gelede ontmoet hy Fanie van Zijl op 'n atletiekkursus. Daar en dan besluit hy dat hy werklik erns gaan maak met sy atletiek. In Maart 1970 verwerf hy Suid-Transvaalse Provinsiale kleure.

In 1971 doen hy sy militere diensplig in die Lugmag te Pretoria en verwerf hy Noord-Transvaalse provinsiale kleure. Hy neem deel aan die Suid-Afrikaanse Junior kampioenskappe en behaal 'n vierde plek in die 1500 meter. In 1970 slaag hy daarin om die vinnigste tyd oor 3000 meter vir die jaar aan te teken nl. 8 min. 29,4 sek.

Aan die begin van vanjaar registreer hy aan die P.U. vir C.H.O. vir die graad B.Comm. met regsvakke. 'n Belowende toekoms lê vir hierdie jong Puk voor.

Sy tye oor die 1500 meter en 3000 meter (3 min. 54,1 sek.) en (8 min. 29,4 sek.) is binne bereik van die Suid-Afrikaanse junior rekord. Volgens Bernard is hy baie dank verskuldig aan sy afrigter, Jan Barnard en aan Fanie van Zijl.

## KOSHUIS RUGBY BEGIN BINNEKORT

Dit wil voorkom asof die akademie reeds veld begin verloor het onder die aanslag van 'n (ondermynende?) tendens, rugby.

Teekanpraatjies het reeds sy tradisionele metamorfose ondergaan — want hulle praat oor rugby. Met die ywer en erns waarmee daar geoefen word en die entoesiasme wat ongeken is op die kampus van die PUK, kan ons met groot verwagting kyk na die eind-resultaat van harde oefening wanneer die grotes van die verskillende koshuise op ongeveer 15 April met die eerste amptelike ligawedstryde sal begin.

Van Over de Voor, die wenners van verlede jaar, word verneem dat daar nie die minste twyfel bestaan dat hulle weer as wenners uit die stryd sal tree nie. Mens kan slegs bespiegel oor wat die groot getalle van die Skuur en die kwantiteit van Drakenstein aan hierdie bestaande orde gaan doen.

Hiermee wens ons die hoop uit te spreek dat koshuisrugby op 'n hoë standaard aangebied sal word, wat sal impliseer dat groot belangstelling ontlok sal word.

## S.R. KAMP

'n Voltallige Studenteraad het die naweek van 26 Februarie by 'n vakansieoord naby Rustenburg uitgekamp. Die doel van die kamp was om te sorg dat die S.R.-lede mekaar beter en op 'n ander terrein leer ken en om 'n spangees te bewerkstellig.

Die kamp geslaagd was kan afgelei word uit die feit dat selfs die reën getrotseer is en enduit vasgebyt is.


# STUDENTE!!

BENUT HIERDIE GELEENTHEID

WORD 'N VRUGTE-ETER, GOEDKOOP EN SONDER MOEITE!



U IS DIT AAN U GESONDHEID VERSKULDIG!

- Laat ons eenmaal weekliks aan u 'n verskeidenheid van die keurigste vrugte lewer teen slegs 50c weekliks.
- Geen aflewering tydens vakansies.
- As die bestelling gekanselleer word, word vooruitbetaalde bedrae onmiddellik terugbetaal.
- Gee asseblief vroegtydig kennis van enige kansellering of adresverandering.
- Vul onderstaande vorm in en pos dit saam met u betaling aan bogenoemde adres vir aflewering so lank as u wil.

Naam van Ouer: ..........

Adres: ..........

Naam van Student: ..........

Adres: ..........

Vrugte wat u NIE eet nie: ..........

Ek sluit R.......... in vir .......... weke.

WEES VERSEKER VAN ONS BESTE DIENS ALTYD!

CORNER FRUIT STORE (PTY.) LTD.

Posbus 565, Potgieterstraat, Potchefstroom. Tel. 5271/2



DIE REGTE PLEK VIR FIETSE EN MOTORFIETSE

PARK FIETSWINKEL

— OOK HERSTELWERK —

★

Van Riebeeckstraat 81 en Wolmaransstraat 88.